Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

STAATSKOERANT
VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
GOVERNMENT GAZETTE

REGULASIEKOERANT No. 1478
As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer

PRYS 10c PRICE
OORSEE 15c OVERSEAS
POSVRY—POST FREE

REGULATION GAZETTE No. 1478
Registered at the Post Office as a Newspaper

VOL. 74] PRETORIA, 6 AUGUSTUS 6 AUGUST 1971 [No. 3224

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS

DEPARTEMENT VAN ARBEID

No. R. 1335 6 Augustus 1971

WET OP NYWERHEIDSVERSOENING, 1956

JUWELIERSWARE- EN EDELMETAAL-NYWERHEID (KAAP)

VERLENGING VAN VOORSORGFONDS-OOREENKOMS

Ek, Marais Viljoen, Minister van Arbeid, verleng hierby kragtens artikel 48 (4) (a) (i) van die Wet op Nywerheidsversoening, 1956, die tydperke vasgestel in Goewermentskennisgewings 1231 van 9 Augustus 1963, R. 1611 van 23 Oktober 1964 en R. 1224 van 12 Augustus 1966, met 'n verdere tydperk van ses maande wat op 18 Februarie 1972 eindig.

M. VILJOEN, Minister van Arbeid.

No. R. 1339 6 Augustus 1971

WET OP NYWERHEIDSVERSOENING, 1956

ELEKTROTEGNIESE AANNEMINGS- EN BEDIENINGSNYWERHEID, KAAP

WYSIGING VAN SIEKEBESOLDIGINGSFONDS-OOREENKOMS

Ek, Marais Viljoen, Minister van Arbeid, verklaar hierby—

(a) kragtens artikel 48 (1) (a) van die Wet op Nywerheidsversoening, 1956, dat al die bepalings van die Ooreenkoms (hierna die Wysigingsooreenkoms genoem) wat in die Bylae hiervan verskyn en op die Elektrotegniese Aannemings- en Bedieningsnywerheid betrekking het, vanaf die tweede Maandag na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing en vir die tydperk wat op 14 Maart 1973 eindig, bindend is vir

GOVERNMENT NOTICES

DEPARTMENT OF LABOUR

No. R. 1335 6 August 1971

INDUSTRIAL CONCILIATION ACT, 1956

JEWELLERY AND PRECIOUS METAL INDUSTRY (CAPE)

EXTENSION OF PROVIDENT FUND AGREEMENT

I, Marais Viljoen, Minister of Labour, hereby in terms of section 48 (4) (a) (i) of the Industrial Conciliation Act, 1956, extend the periods fixed in Government Notices 1231 of 9 August 1963, R. 1611 of 23 October 1964 and R. 1224 of 12 August 1966, by a further period of six months ending on 18 February 1972.

M. VILJOEN, Minister of Labour.

No. R. 1339 6 August 1971

INDUSTRIAL CONCILIATION ACT, 1956

ELECTRICAL CONTRACTING AND SERVICING INDUSTRY, CAPE

AMENDMENT OF SICK PAY FUND AGREEMENT

I, Marais Viljoen, Minister of Labour, hereby—

(a) in terms of section 48 (1) (a) of the Industrial Conciliation Act, 1956, declare that all the provisions of the Agreement (hereinafter referred to as the Amending Agreement) which appears in the Schedule hereto and which relates to the Electrical Contracting and Servicing Industry, shall be binding from the second Monday after the date of publication of this notice and for the period ending on 14 March 1973, upon the

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

die werkgewersorganisasies en die vakverenigings wat die Wysigingsooreenkoms aangegaan het en vir die werkgewers en werknemers wat lede van genoemde organisasies of verenigings is; en

(b) kragtens artikel 48 (1) (b) van genoemde Wet dat die bepalings van die Wysigingsooreenkoms vanaf die tweede Maandag na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing en vir die tydperk wat op 14 Maart 1973 eindig, bindend is vir alle ander werkgewers en werknemers as dié genoem in paragraaf (a) van hierdie kennisgewing, wat betrokke is by of in diens is in genoemde Nywerheid in die landdrosdistrikte die Kaap, Wynberg, Bellville en Simonstad, en in daardie gedeeltes van die landdrosdistrikte Stellenbosch en Malmesbury wat voor die publikasie van onderskeidelik Goewermentskennisgewings 283 van 2 Maart 1962 en 171 van 8 Februarie 1957, binne die landdrosdistrik Bellville geval het.

M. VILJOEN, Minister van Arbeid.

BYLAE

NYWERHEIDSRAAD VIR DIE ELEKTROTEGNIESE AANNEMINGS- EN BEDIENINGSNYWERHEID (KAAP)

OOREENKOMS

ingevolge die Wet op Nywerheidsversoening, 1956, aangegaan deur die

Electrical Contractors' Association (South Africa)

Electrical Engineering and Allied Industries Association,

en die

Radio, Appliance and Television Association of South Africa

(hierna die "werkgewers" of die "werkgewersorganisasies" genoem), aan die een kant, en die

Amalgamated Engineering Union of South Africa

en die

South African Electrical Workers' Association

(hierna die "werknemers" of die "vakverenigings" genoem), aan die ander kant,

wat die partye is by die Nywerheidsraad vir die Elektrotegniese Aannemings- en Bedieningsnywerheid (Kaap), om die Ooreenkoms gepubliseer by Goewermentskennisgewing R. 290 van 3 Maart 1971 soos volg te wysig:

1. KLOUSULE 1.—TOEPASSINGSBESTEK VAN OOREENKOMS

(a) Deur subklousule (1) (b) te skrap en deur die volgende te vervang:

"(b) Ondanks paragraaf (a) is die bepalings van hierdie Ooreenkoms, behoudens subklousule (3), van toepassing op slegs dié werknemers vir wie 'n minimum loon van minstens 47 sent per uur voorgeskryf word in die Ooreenkomste gepubliseer by Goewermentskennisgewings R. 289 van 3 Maart 1971 en R. 1135 van 2 Julie 1971, soos van tyd tot tyd gewysig (hierna die 'Loonooreenkomste' genoem)."

(b) Deur in subklousule (2), "Hoofooreenkoms" deur "Loonooreenkomste" te vervang.

2. KLOUSULE 3.—WOORDOMSKRYWING

Deur in die woordomskrywing van "loongroep", "Hoofooreenkoms" deur "Loonooreenkomste" te vervang.

Namens die partye op hede die 14de dag van Mei 1971 in Kaapstad onderteken.

C. SHIELD, Voorsitter.

R. D. SMITH, Ondervoorsitter.

W. R. PENGELLY, Sekretaris.

employers' organisations and the trade unions which entered into the Amending Agreement and upon the employers and employees who are members of the said organisations or unions; and

(b) in terms of section 48 (1) (b) of the said Act, declare that the provisions of the Amending Agreement shall be binding from the second Monday after the date of publication of this notice and for the period ending on 14 March 1973, upon all employers and employees other than those referred to in paragraph (a) of this notice, who are engaged or employed in the said Industry in the Magisterial Districts of the Cape, Wynberg, Bellville and Simonstown, and in those portions of the Magisterial Districts of Stellenbosch and Malmesbury which prior to the publication of Government Notices 283 of 2 March 1962 and 171 of 8 February 1957, respectively, fell within the Magisterial District of Bellville.

M. VILJOEN, Minister of Labour.

SCHEDULE

INDUSTRIAL COUNCIL FOR THE ELECTRICAL CONTRACTING AND SERVICING INDUSTRY (CAPE)

AGREEMENT

in accordance with the provisions of the Industrial Conciliation Act, 1956, made and entered into between the

Electrical Contractors' Association (South Africa)

Electrical Engineering and Allied Industries Association

and the

Radio, Appliance and Television Association of South Africa

(hereinafter referred to as "the employers" or "the employers' organisations"), of the one part, and the

Amalgamated Engineering Union of South Africa

and

South African Electrical Workers' Association

(hereinafter referred to as "the employees" or "the trade unions"), of the other part,

being parties to the Industrial Council for the Electrical Contracting and Servicing Industry (Cape), to amend the Agreement published under Government Notice R. 290 of 3 March 1971, as follows:

1. CLAUSE 1.—SCOPE OF APPLICATION OF AGREEMENT

(a) By the deletion of paragraph (b) of subclause (1) and the substitution therefor of the following:

"(b) Notwithstanding the provisions of paragraph (a) the terms of this Agreement shall, subject to the provisions of subclause (3), only apply to employees for whom a minimum rate of not less than 47 cents per hour is prescribed in the Agreements published under Government Notices R. 289 of 3 March 1971 and R. 1135 of 2 July 1971, as may be amended from time to time (hereinafter referred to as the 'Wage Agreements')."

(b) By the substitution of "Wage Agreements" for "Main Agreement" in subclause (2).

2. CLAUSE 3.—DEFINITIONS

By the substitution of "Wage Agreements" for "Main Agreement" in the definition of "Wage Group".

Signed at Cape Town for and on behalf of the parties this 14th day of May 1971.

C. SHIELD, Chairman.

R. D. SMITH, Vice-Chairman.

W. R. PENGELLY, Secretary.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

No. R. 1340 6 Augustus 1971

WET OP NYWERHEIDSVERSOENING, 1956

ELEKTROTEGNIESE AANNEMINGS- EN BEDIENINGSNYWERHEID, KAAP

WYSIGING VAN GESONDHEIDSFONDS-OOREENKOMS

Ek, Marais Viljoen, Minister van Arbeid, verklaar hierby—

(a) kragtens artikel 48 (1) (a) van die Wet op Nywerheidsversoening, 1956, dat al die bepalings van die Ooreenkoms (hierna die Wysigingsooreenkoms genoem) wat in die Bylae hiervan verskyn en op die Elektrotegniese Aannemings- en Bedieningsnywerheid betrekking het, vanaf die tweede Maandag na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing en vir die tydperk wat op 14 Maart 1973 eindig, bindend is vir die werkgewersorganisasies en die vakverenigings wat die Wysigingsooreenkoms aangegaan het en vir die werkgewers en werknemers wat lede van genoemde organisasies of verenigings is; en

(b) kragtens artikel 48 (1) (b) van genoemde Wet dat die bepalings van die Wysigingsooreenkoms vanaf die tweede Maandag na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing en vir die tydperk wat op 14 Maart 1973 eindig, bindend is vir alle ander werkgewers en werknemers as dié genoem in paragraaf (a) van hierdie kennisgewing, wat betrokke is by of in diens is in genoemde Nywerheid in die landdrosdistrikte die Kaap, Wynberg, Bellville en Simonstad.

M. VILJOEN, Minister van Arbeid.

BYLAE

NYWERHEIDSRAAD VIR DIE ELEKTROTEGNIESE AANNEMINGS- EN BEDIENINGSNYWERHEID (KAAP) OOREENKOMS

ingevolge die Wet op Nywerheidsversoening, 1956, aangegaan deur die

Electrical Contractors' Association (South Africa)
Electrical Engineering and Allied Industries Association

en die

Radio, Appliance and Television Association of South Africa

(hierna die "werkgewers" of die "werkgewersorganisasies" genoem), aan die een kant, en die

Amalgamated Engineering Union of South Africa

en die

South African Electrical Workers' Association

(hierna die "werknemers" of die "vakverenigings" genoem), aan die ander kant,

wat die partye is by die Nywerheidsraad vir die Elektrotegniese Aannemings- en Bedieningsnywerheid (Kaap), om die Ooreenkoms gepubliseer by Goewermentskennisgewing 1215 van 27 Julie 1962, soos gewysig en hernieu by Goewermentskennisgewings R. 1512 van 1 Oktober 1965, R. 1531 van 29 September 1967, R. 2159 en R. 2160 van 22 November 1968 en R. 292 en R. 293 van 3 Maart 1971, soos volg te wysig:

1. KLOUSULE 1.—TOEPASSINGSBESTEK VAN OOREENKOMS

(a) Deur subklousule (1) deur die volgende te vervang:

"(1) Die bepalings van hierdie Ooreenkoms moet in die landdrosdistrikte die Kaap, Wynberg, Bellville en Simonstad nagekom word deur alle werkgewers in die Elektrotegniese Aannemings- en Bedieningsnywerheid wat lede van die werkgewersorganisasies is, en deur alle werknemers in genoemde Nywerheid wat lede van die vakverenigings is en wat werksaam is in die klasse werk onder lone A tot D ingedeel is of wat in diens is as elektrisiëns of vakmanne ooreenkomstig die Ooreenkomste gepubliseer by Goewermentskennisgewings R. 289 van 3 Maart 1971 en R. 1135 van 2 Julie 1971, soos van tyd tot tyd gewysig (hierna die 'Loonooreenkomste' genoem)."

(b) Deur in subklousule (3) "Hoofooreenkoms" deur "Loonooreenkomste" te vervang.

No. R. 1340 6 August 1971

INDUSTRIAL CONCILIATION ACT, 1956

ELECTRICAL CONTRACTING AND SERVICING INDUSTRY, CAPE

AMENDMENT OF HEALTH FUND AGREEMENT

I, Marais Viljoen, Minister of Labour, hereby—

(a) in terms of section 48 (1) (a) of the Industrial Conciliation Act, 1956, declare that all the provisions of the Agreement (hereinafter referred to as the Amending Agreement) which appears in the Schedule hereto and which relates to the Electrical Contracting and Servicing Industry, shall be binding from the second Monday after the date of publication of this notice and for the period ending on 14 March 1973, upon the employers' organisations and the trade unions which entered into the Amending Agreement and upon the employers and employees who are members of the said organisations or unions; and

(b) in terms of section 48 (1) (b) of the said Act, declare that the provisions of the Amending Agreement shall be binding from the second Monday after the date of publication of this notice and for the period ending on 14 March 1973, upon all employers and employees other than those referred to in paragraph (a) of this notice, who are engaged or employed in the said Industry in the Magisterial Districts of the Cape, Wynberg, Bellville and Simonstown.

M. VILJOEN, Minister of Labour.

SCHEDULE

INDUSTRIAL COUNCIL FOR THE ELECTRICAL CONTRACTING AND SERVICING INDUSTRY (CAPE)

AGREEMENT

in accordance with the provisions of the Industrial Conciliation Act, 1956, made and entered into between the

Electrical Contractors' Association (South Africa)
Electrical Engineering and Allied Industries Association

and the

Radio, Appliance and Television Association of South Africa

(hereinafter referred to as "the employers" or "the employers' organisations"), of the one part, and the

Amalgamated Engineering Union of South Africa

and

South African Electrical Workers' Association

(hereinafter referred to as "the employees" or "the trade unions"), of the other part,

being parties to the Industrial Council for the Electrical Contracting and Servicing Industry (Cape) to amend the Agreement published under Government Notice 1215 of 27 July 1962, as amended and renewed by Government Notices R. 1512 of 1 October 1965, R. 1531 of 29 September 1967, R. 2159 and R. 2160 of 22 November 1968, and R. 292 and R. 293 of 3 March 1971, as follows:

1. CLAUSE 1.—SCOPE OF APPLICATION OF AGREEMENT

(a) By the substitution of the following for subclause (1):

"(1) The terms of this Agreement shall be observed in the Magisterial Districts of the Cape, Wynberg, Bellville and Simonstown by all employers in the Electrical Contracting and Servicing Industry who are members of the employers' organisations and by all employees in the said Industry who are members of the trade unions and who are employed in the classes of work classified under rates A to D or who are employed as electricians or journeymen in terms of the Agreements published under Government Notices R. 289 of 3 March 1971 and R. 1135 of 2 July 1971, as may be amended from time to time (hereinafter referred to as the 'Wage Agreements')".

(b) By the substitution of "Wage Agreements" for "Main Agreement" in subclause (3).

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

2. KLOUSULE 3.—WOORDOMSKRYWING

Deur die woordomskrywing van "bevoegde werknemer" te skrap en deur die volgende te vervang:

" 'bevoegde werknemer' 'n werknemer wat ooreenkomstig die Loonooreenkomste ingedeel is onder lone A tot D of as 'n elektrisiën of vakman, en vakleerling;".

Namens die partye op hede die 14de dag van Mei 1971 in Kaapstad onderteken.

C. SHIELD, Voorsitter.

R. D. SMITH, Ondervoorsitter.

W. R. PENGELLY, Sekretaris.

2. CLAUSE 3.—DEFINITIONS

By the deletion of the definition of "eligible employee" and the substitution of the following therefor:

"eligible employee" means any employee classified under rates A to D or as an electrician or journeyman in terms of the Wage Agreements, and apprentices".

Signed at Cape Town on behalf of the parties this 14th day of May 1971.

C. SHIELD, Chairman.

R. D. SMITH, Vice-Chairman.

W. R. PENGELLY, Secretary.

DEPARTEMENT VAN HANDEL

No. R. 1336 6 Augustus 1971

UITVOERRAAD VIR SUID-AFRIKAANSE INGEMAAKTE VRUGTE

Ek, Stefanus Louwrens Muller, Minister van Ekonomiese Sake, handelende kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 10 van die Wet op Uitvoerbemarking van Ingemaakte Vrugte, 1967 (Wet 100 van 1967), bepaal hierby soos volg:

Vergaderings van die Raad

1. Vergaderings van die Raad word gehou op die tye en plekke wat die Raad vasstel, met dien verstande dat indien die Raad nie self die tyd en plek van enige vergadering bepaal nie, die Voorsitter van die Raad, of, in sy afwesigheid die Adjunk-voorsitter, of in die afwesigheid van sowel die Voorsitter as die Adjunk-voorsitter, die Bestuurder of Sekretaris van die Raad, met instemming van drie lede van die Raad, die tyd en plek waar so 'n vergadering gehou moet word, kan bepaal.

2. Die vergaderings van die Raad word byeengeroep by kennisgewing aan elke lid deur of in opdrag van die Bestuurder of Sekretaris van die Raad.

3. Die Raad mag 'n persoon uitnooi om 'n vergadering van die Raad by te woon ten einde die Raad in verband met enige aangeleentheid te adviseer of in te lig.

4. Die Raad moet verslag van sy werksaamhede hou.

Kworum en Meerderheidsbeslissings

5. Op 'n vergadering van die Raad maak agt lede 'n kworum uit.

6. Die beslissing van ten minste 66⅔ persent van die lede van die Raad teenwoordig by enige vergadering daarvan, maak 'n beslissing van die Raad uit.

7. Goewermentskennisgewing R. 660 van 17 April 1968 word hierby ingetrek.

S. L. MULLER, Minister van Ekonomiese Sake.

DEPARTMENT OF COMMERCE

No. R. 1336 6 August 1971

SOUTH AFRICAN CANNED FRUIT EXPORT BOARD

I, Stefanus Louwrens Muller, Minister of Economic Affairs, acting under the powers vested is me by section 10 of the Canned Fruit Export Marketing Act, 1967 (Act 100 of 1967), do hereby prescribe as follows:

Meetings of the Board

1. Meetings of the Board shall be held at such times and places as the Board may determine: Provided that if the Board does not itself determine the time or place of any meeting, the Chairman of the Board or, in his absence, the Deputy Chairman, or in the absence of both the Chairman and the Deputy Chairman, the Manager or the Secretary of the Board, with the concurrence of three members of the Board, may determine the time and place at which such meeting shall be held.

2. The meetings of the Board shall be convened by notice given to each member by or by direction of the Manager or the Secretary of the Board.

3. The Board may invite a person to attend a meeting for the purpose of advising or informing the Board on any matter.

4. The Board shall keep a record of its proceedings.

Quorum and Majority Decision

5. At a meeting of the Board eight members shall constitute a quorum.

6. The decision of at least 66⅔ per cent of the members of the Board present at any meeting thereof shall constitute a decision of the Board.

7. Government Notice R. 660 of 17 April 1968, is hereby withdrawn.

S. L. MULLER, Minister of Economic Affairs.

DEPARTEMENT VAN LANDBOU-EKONOMIE EN -BEMARKING

No. R. 1351 6 Augustus 1971

MIELIE- EN KAFFERKORINGSKEMA

VOORSKRIFTE BETREFFENDE REKORDS EN OPGAWES DEUR MEULENAARS EN HANDELAARS.—WYSIGING

Kragtens artikel 79 (c) van die Bemarkingswet, 1968 (No. 59 van 1968), maak ek, Hendrik Stephanus Johan Schoeman, Adjunk-minister van Landbou, hierby bekend dat die Mielieraad, genoem in artikel 2A van die Mielie- en Kafferkoringskema, afgekondig by Proklamasie R. 113 van 1961, soos gewysig, kragtens artikel 25 van daardie Skema, met my goedkeuring en met ingang van die datum

DEPARTMENT OF AGRICULTURAL ECONOMICS AND MARKETING

No. R. 1351 6 August 1971

MAIZE AND KAFFIRCORN SCHEME

REQUIREMENTS RELATING TO RETURNS AND RECORDS BY MILLERS AND TRADERS.—AMENDMENT

In terms of section 79 (c) of the Marketing Act, 1968 (No. 59 of 1968), I, Hendrik Stephanus Johan Schoeman, Deputy Minister of Agriculture, hereby make known that the Maize Board, referred to in section 2A of the Maize and Kaffircorn Scheme, published by Proclamation R. 113 of 1961, as amended, has in terms of section 25 of that Scheme, with my approval and with effect from the date

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

van publikasie hiervan, die voorskrifte afgekondig by Goewermentskennisgewing R. 174 van 30 Junie 1961, soos gewysig, verder gewysig het soos in die Bylae hiervan uiteengesit.

H. S. J. SCHOEMAN, Adjunk-minister van Landbou.

BYLAE

Die Aanhangsel van Goewermentskennisgewing R. 174 van 30 Junie 1961, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur klousule 4A te skrap.

DEPARTEMENT VAN LANDBOU-TEGNIESE DIENSTE

No. R. 1338 6 Augustus 1971

WYSIGING VAN DIE REGULASIES MET BETREKKING TOT DIE REGISTRASIE, INVOER, VERVAARDIGING, VERVOER EN VERKOOP VAN VEEVOEDSEL EN DIE REGISTRASIE VAN STERILISERINGSINSTALLASIES

Die Minister van Landbou het, kragtens die bevoegdheid hom verleen by artkiel 23 van die Wet op Misstowwe, Veevoedsel, Landboumiddels en Veemiddels, 1947 (Wet 36 van 1947), die regulasies gepubliseer in Goewermentskennisgewing R. 3892 van 5 Desember 1969, gewysig soos in die Bylae hierby uiteengesit.

BYLAE

Die regulasies met betrekking tot die registrasie, invoer, vervaardiging, vervoer of verkoop van veevoedsel en die registrasie van steriliseringsinstallasies gepubliseer in Goewermentskennisgewing R. 3892 van 5 Desember 1969, word hierby soos volg gewysig:

1. Vervang regulasie 3 van genoemde regulasies met die volgende:

"3. (1) Wanneer 'n aansoek om registrasie van die hand gewys is, of die registrasie ooreenkomstig die bepalings van artikel 3 (3) van die Wet aan voorwaardes onderworpe gemaak is, of ooreenkomstig die bepalings van artikel 4 van die Wet ingetrek is, moet die Registrasiebeampte die applikant van die redes vir die weiering, oplegging van voorwaardes of intrekking, skriftelik in kennis stel en kan die applikant binne 56 dae nadat hy van die weiering, oplegging van voorwaardes of intrekking in kennis gestel is skriftelik by die Minister teen sodanige besluit appèl aanteken tesame met 'n uiteensetting van die gronde waarop die appèl gebasseer is.

(2) Na oorweging van die appèl verwittig die Minister of laat hy die applikant skriftelik van sy beslissing verwittig.".

2. Vervang die Eerste Aanhangsel van genoemde regulasies met die volgende:

"EERSTE AANHANGSEL

REGISTRASIEGELDE

Veevoedsel en Byvoedsel

1. Betaalbaar by aansoek elke vierde jaar of gedeelte van vier jaar gereken van 1 Julie 1969 af: R10.
2. Vir die wysiging van 'n registrasie: R5.

Steriliseringsinstallasies

Per jaar of gedeelte van 'n jaar gereken vanaf 1 Julie van elke jaar: R5."

of publication hereof, further amended the requirements published by Government Notice R. 174 of 30 June 1961, as amended, as set out in the Schedule hereto.

H. S. J. SCHOEMAN, Deputy Minister of Agriculture.

SCHEDULE

The Annexure to Government Notice R. 174 of 30 June 1961, as amended, is hereby further amended by the deletion of clause 4A.

DEPARTMENT OF AGRICULTURAL TECHNICAL SERVICES

No. R. 1338 6 August 1971

AMENDMENT OF THE REGULATION RELATING TO THE REGISTRATION, IMPORTATION, MANUFACTURE, MOVEMENT AND SALE OF FARM FEEDS AND THE REGISTRATION OF STERILISING PLANTS

The Minister of Agriculture has, under the powers vested in him by section 23 of the Fertilizers, Farm Feeds, Agricultural Remedies and Stock Remedies Act, 1947 (Act 36 of 1947), amended the regulations published in Government Notice R. 3892 of 5 December 1969, as set out in the Schedule hereto.

SCHEDULE

The regulations relating to the registration, importation, manufacture, movement and sale of farm feeds and the registration of sterilising plants published in Government Notice R. 3892 of 5 December 1969, is hereby amended as follows:

1. Substitute the following for regulation 3 of the said regulations:

"3. (1) Whenever an application for registration is rejected, or a registration is made subject to conditions in terms of the provisions of section 3 (3) of the Act, or is cancelled in terms of the provisions of section 4 of the Act, the Registering Officer shall notify the applicant, in writing, of such rejection, imposition of conditions or cancellation, and the applicant may within 56 days of being notified of such rejection, imposition of conditions or cancellation appeal to the Minister, in writing, against such decision together with an explanation of the grounds on which the appeal is based.

(2) After consideration of the appeal the Minister shall or cause the applicant to be advised, in writing, of his decision.".

2. Substitute the following for the First Annexure of the said regulations:

"FIRST ANNEXURE

REGISTRATION FEES

Farm Feeds and Supplements

1. Payable on application every fourth year or part of four years from 1 July 1969: R10.
2. For amendment of any registration: R5.

Sterilising Plants

Per year or part of a year reckoned from 1 July of each year: R5."

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

DEPARTEMENT VAN POS-EN-TELEGRAAFWESE

No. R. 1343 6 Augustus 1971

WYSIGING VAN DIE TELEGRAAFREGULASIES

Dit het die Staatspresident behaag om kragtens artikel 2 (4) van Wet 44 van 1958, sy goedkeuring te heg aan onderstaande wysiging van die Telegraafregulasies:

Regulasie 76

Vervang "twee myl" deur "drie kilometer" en " 'n myl" deur "een en 'n halwe kilometer" waar dit onderskeidelik in subparagrawe (1) en (2) verskyn.

No. R. 1344 6 Augustus 1971

WYSIGING VAN TELEGRAAFREGULASIES VIR SUIDWES-AFRIKA

Dit het die Minister van Pos-en-telegraafwese behaag om kragtens artikel 2 (4) van die Suidwes-Afrikaposordonnansie van 1963, soos vertolk ingevolge artikel 19 van die Wet op Aangeleenthede met betrekking tot Suidwes-Afrika, 1969, sy goedkeuring aan onderstaande wysiging van die Telegraafregulasies vir Suidwes-Afrika te heg:

Regulasie 76

Vervang "twee myl" deur "drie kilometer" en " 'n myl" deur "een en 'n halwe kilometer" waar dit onderskeidelik in subparagrawe (1) en (2) verskyn.

No. R. 1345 6 Augustus 1971

WYSIGING VAN TELEFOONREGULASIES

Dit het die Staatspresident behaag om kragtens artikel 2 (4) en artikel 3 van Wet 44 van 1958 sy goedkeuring aan onderstaande wysigings van die Telefoonregulasies te heg:

Voeg na regulasie 50 (iii) die volgende in:

"(iv) *Omleiding van oproepe.*—'n Huurder kan versoek dat oproepe na sy telefoonnommer tydens sy tydelike afwesigheid na 'n ander nommer by dieselfde sentrale of by 'n ander sentrale in dieselfde sentralestelsel omgelei word. Omleiding van oproepe vir huurders by outomatiese sentrales kan ook na 'n nommer by enige ander sentrale gereël word. By outomatiese sentrales moet minstens 24 uur vooraf kennis van omleiding gegee word.

Die koste vir hierdie diens is soos volg:

Omleidingstydperk	*Koste*
Tot 240 uur (10 dae).....	50c per geleentheid per 24 uur of gedeelte daarvan.
Langer as 240 uur (10 dae)	R5 per maand of gedeelte daarvan.

Die omleidiens is nie beskikbaar in die geval van partylyne, tweepersoonslyne, deelsentralelyne en lyne wat deur halfoutomatiese skakeleenhede bedien word nie."

"(v) *Navrae in verband met die koste en/of duur van hooflynoproepe.*—'n Oproeper kan versoek dat hy van die koste en/of duur van 'n voltooide handgeskakelde hooflynoproep in kennis gestel word. Die koste vir hierdie diens is 20c per versoek per oproep."

DEPARTMENT OF POSTS AND TELEGRAPHS

No. R. 1343 6 August 1971

AMENDMENT TO TELEGRAPH REGULATIONS

The State President has been pleased, under section 2 (4) of Act 44 of 1958, to approve of the following amendment to the Telegraph Regulations:

Regulation 76

Substitute "three kilometres" for "two miles" in subparagraph (1) and "one and a half kilometres" for "one mile" in subparagraph (2).

No. R. 1344 6 August 1971

AMENDMENT TO TELEGRAPH REGULATIONS FOR SOUTH-WEST AFRICA

The Minister of Posts and Telegraphs has been pleased under section 2 (4) of the South-West Africa Postal Ordinance of 1963, as interpreted in terms of section 19 of the Act on Matters concerning South-West Africa, 1969, to approve of the following amendment to the South-West Africa Telegraph Regulations:

Regulation 76

Substitute "three kilometres" for "two miles" in subparagraph (1) and "one and a half kilometres" for "one mile" in subparagraph (2).

No. R. 1345 6 August 1971

AMENDMENT OF TELEPHONE REGULATIONS

The State President has been pleased, under section 2 (4) and section 3 of Act 44 of 1958, to approve of the following amendments of the Telephone Regulations:

After regulation 50 (iii) insert the following:

"(iv) *Diversion of calls.*—A subscriber can request that during his temporary absence calls to his telephone number be diverted to another number at the same exchange or at an exchange in the same exchange system. Diversion of calls for subscribers at automatic exchanges can also be arranged to a telephone number at any other exchange. At automatic exchanges at least 24 hours prior notice of diversion must be given.

The charge for this service is as follows:

Period of diversion	*Charge*
Up to 240 hours (10 days)	50c an occasion for every 24 hours or portion thereof.
More than 240 hours (10 days)	R5 a month or portion thereof.

The diversion service is not available in the case of party lines, two-party lines, shared exchange lines and lines that are served by semi-automatic switching units."

"(v) *Enquiries regarding the charge and/or duration of trunk calls.*—A caller may request that he be informed of the charge and/or duration of a completed manually-switched trunk call. The charge for this service is 20c for every request per call."

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

No. R. 1349 6 Augustus 1971

WYSIGING VAN TELEGRAAFREGULASIES VIR SUIDWES-AFRIKA

Dit het die Minister van Pos-en-telegraafwese behaag om kragtens artikel 2 (4) van die Suidwes-Afrikaposordonnansie van 1963, soos vertolk ingevolge artikel 19 van die Wet op Aangeleenthede met betrekking tot Suidwes-Afrika, 1969, sy goedkeuring aan onderstaande wysiging van die Telegraafregulasies vir Suidwes-Afrika te heg:

Bylae K

Die volgende besonderhede moet in alfabetiese volgorde onder die hoof Internasionale Teleksdienstariewe ingevoeg word:

Land van bestemming	Minimum koste vir drie minute	Elke bykomende minuut	Verslagkoste
	R	R	c
Gibraltar.....	6,45	2,15	50
Republiek Honduras....	8,55	2,85	60
Sentraal-Afrikaanse Republiek.....	6,45	2,15	50

Die tarief vir teleksoproepe na Nicaragua moet soos volg gewysig word:

Minimum koste vir drie minute	Elke bykomende minuut	Verslagkoste
R	R	c
8,55	2,85	60

No. R. 1350 6 Augustus 1971

WYSIGING VAN TELEGRAAFREGULASIES

Dit het die Staatspresident behaag om kragtens artikel 2 (4) van Wet 44 van 1958, sy goedkeuring aan onderstaande wysiging van die Telegraafregulasies te heg:

Bylae K

Die volgende besonderhede moet in alfabetiese volgorde onder die hoof Internasionale Teleksdienstariewe ingevoeg word:

Land van bestemming	Minimum koste vir drie minute	Elke bykomende minuut	Verslagkoste
	R	R	c
Gibraltar.....	6,45	2,15	50
Republiek Honduras....	8,55	2,85	60
Sentraal-Afrikaanse Republiek.....	6,45	2,15	50

Die tarief vir teleksoproepe na Nicaragua moet soos volg gewysig word:

Minimum koste vir drie minute	Elke bykomende minuut	Verslagkoste
R	R	c
8,55	2,85	60

No. R. 1349 6 August 1971

AMENDMENT TO TELEGRAPH REGULATIONS FOR SOUTH-WEST AFRICA

The Minister of Posts and Telegraphs has been pleased under section 2 (4) of the South-West Africa Postal Ordinance of 1963, as interpreted in terms of section 19 of the Act on Matters concerning South-West Africa, 1969, to approve of the following amendment to the South-West Africa Telegraph Regulations:

Schedule K

The following particulars should be inserted in alphabetical order under the heading International Telex Service Tariffs:

Country of destination	Minimum charge for three minutes	Each additional minute	Report charge
	R	R	c
Central African Republic	6,45	2,15	50
Gibraltar.....	6,45	2,15	50
Honduras Republic.....	8,55	2,85	60

The tariff for telex calls to Nicaragua should be amended as follows:

Minimum charge for three minutes	Each additional minute	Report charge
R	R	c
8,55	2,85	60

No. R. 1350 6 August 1971

AMENDMENT TO TELEGRAPH REGULATIONS

The State President has been pleased, under section 2 (4) of Act 44 of 1958, to approve of the following amendment to the Telegraph Regulations:

Schedule K

The following particulars should be inserted in alphabetical order under the heading International Telex Service Tariffs:

Country of destination	Minimum charge for three minutes	Each additional minute	Report charge
	R	R	c
Central African Republic	6,45	2,15	50
Gibraltar.....	6,45	2,15	50
Honduras Republic.....	8,55	2,85	60

The tariff for telex calls to Nicaragua should be amended as follows:

Minimum charge for three minutes	Each additional minute	Report charge
R	R	c
8,55	2,85	60

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

INHOUD

No. BLADSY

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS

Arbeid, Departement van

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS

R.1335. Wet op Nywerheidsversoening, 1956: Juweliersware- en Edelmetaalnywerheid (Kaap): Verlenging van Voorsorgfondsooreenkoms 1

R.1339. Wet op Nywerheidsversoening, 1956: Elektrotegniese Aannemings- en Bedieningsnywerheid, Kaap: Wysiging van Siekebesoldigingsfondsooreenkoms ... 1

R.1340. Wet op Nywerheidsversoening, 1956: Elektrotegniese Aannemings- en Bedieningsnywerheid, Kaap: Wysiging van Gesondheidsfondsooreenkoms 3

Handel, Departement van

GOEWERMENTSKENNISGEWING

R.1336. Uitvoerraad vir Suid-Afrikaanse Ingemaakte Vrugte 4

Landbou-ekonomie en -bemarking, Departement van

GOEWERMENTSKENNISGEWING

R.1351. Mielie- en Kafferkoringskema: Voorskrifte betreffende rekords en opgawes deur meulenaars en handelaars: Wysiging 4

Landboutegniese Dienste, Departement van

GOEWERMENTSKENNISGEWING

R.1338. Wysiging van die regulasies met betrekking tot die registrasie, invoer, vervaardiging, vervoer en verkoop van veevoedsel en die registrasie van steriliseringsinstallasies 5

Pos-en-telegraafwese, Departement van

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS

R.1343. Wysiging van die Telegraafregulasies ... 6

R.1344. Wysiging van die Telegraafregulasies vir Suidwes-Afrika 6

R.1345. Wysiging van Telegraafregulasies 6

R.1349. Wysiging van Telegraafregulasies vir Suidwes-Afrika 7

R.1350. Wysiging van Telegraafregulasies 7

CONTENTS

No. PAGE

GOVERNMENT NOTICES

Agricultural Economics and Marketing, Department of

GOVERNMENT NOTICE

R.1351. Maize and Kaffircorn Scheme: Requirements relating to returns and records by millers and traders: Amendment 4

Agricultural Technical Services, Department of

GOVERNMENT NOTICE

R.1338. Amendment of the regulations relating to the registration, importation, manufacture, movement and sale of farm feeds and the registration of sterilising plants ... 5

Commerce, Department of

GOVERNMENT NOTICE

R.1336. South African Canned Fruit Export Board 4

Labour, Department of

GOVERNMENT NOTICES

R.1335. Industrial Conciliation Act, 1956: Jewellery and Precious Metal Industry (Cape): Extension of Provident Fund Agreement 1

R.1339. Industrial Conciliation Act, 1956: Electrical Contracting and Servicing Industry, Cape: Amendment of Sick Pay Fund Agreement 1

R.1340. Industrial Conciliation Act, 1956: Electrical Contracting and Servicing Industry, Cape: Amendment of Health Fund Agreement 3

Posts and Telegraphs, Department of

GOVERNMENT NOTICES

R.1343. Amendment to Telegraph Regulations ... 6

R.1344. Amendment to Telegraph Regulations for South-West Africa 6

R.1345. Amendment to Telephone Regulations ... 6

R.1349. Amendment to Telegraph Regulations for South-West Africa 7

R.1350. Amendment to Telegraph Regulations ... 7

Gedruk deur en verkrygbaar by Die Staatsdrukker, Bosmanstraat, Privaatsak 85, Pretoria

Printed by and obtainable from The Government Printer, Bosman Street, Private Bag 85, Pretoria